LIMPOPO
PROVINCIAL GOVERNMENT
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTMENT OF EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL VRAESTEL 1

TAAL IN KONTEKS EN LETTERKUNDE

SEPTEMBER 2014

**PUNTE: 120**
**TYD: 2½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFDELING A | Leesbegrip | VRAAG 1 | (30) |
| AFDELING B | Opsomming | VRAAG 2 | (10) |
| AFDELING C | Taal | VRAAG 3–6 | (40) |
| AFDELING D | Letterkunde | VRAAG 7–8 | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

4. Trek ’n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute
   AFDELING D: 30 minute


9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1
## TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae.

**Simpatie met bye asseblief!** Dr. Verdoorn




[Uit: *Clipart images*]

1. Heuningbye was seker die aarde se eerste lekkergoedvervaardigers. Hulle soetgoed is deur die volke dwarsoor die wêreld versamel om nie alleen kos soet te maak nie, maar mense het ook na die bye gegaan om byewas te kry vir kerse en seëlmiddel vir ingelegde kosse. Tog is mense bang vir die heuningmakers. Bye is giftig en kan soms by uitsondering die dood van iemand wat gesteek is, veroorsaak as hy/sy allergies is. In die meeste gevalle is die steek slegs ŉ tydelike ongemak met ŉ brandende pyn.
2. Daar is vrese dat heuningbye oral-oor aan die uitsterf is en niemand kon nog presies vasstel wat die oorsaak van die byesterftes is nie. Party mense dink dis die gif wat boere spuit. Ander dink dat bye se voedselbronne minder word en dat bye nie genoeg verskeidenheid kos benut nie.
3. Vir Jan Alleman is bye ook belangrik, selfs daar in die tuin agter die huis waar hulle tuinplante en vrugtebome bestuif. Die paniekknoppie word egter maklik gedruk as ŉ swerm bye in die tuin opdaag en begin saamkoek. Dit is juis dan dat mense dom dinge doen en die bye en hulself in gevaar stel. Die ergste wat mens kan doen is om die bye met ŉ spuitkannetjie te takel en probeer doodmaak. As die bye gevaar ruik, raak hulle verdedigend en die angels word uitgehaal om die vyand te verdryf. ŉ Enkele bysteek is gewoonlik nie erg nie, maar as ŉ kwaai swerm jou pak, is dit einde se kant toe.
4. So wat nou gedaan? Bly weg en moenie enige iets doen wat die bye gaan knorrig maak nie. Natspuit, insekdoderspuit en slaan is soos ŉ oorlogsverklaring en dan gaan die bye tot aksie oor. Die beste is om weg te bly van daardie swerm en ŉ byeboer te bel wat die bye kan verwyder en hopelik die swerm kan red. Bye is kosbaar en behoort nie vernietig te word nie.
5. Elke persoon behoort ook voedselplante vir die bye aan te plant. Vrugtebome, aalwyne en blomplante wat oor die verskillende seisoene heen nektar en stuifmeel kan verskaf, is noodsaaklik vir die bye se voortbestaan. As daar dalk ŉ swerm op ŉ afgeleë plek in die tuin opdaag, probeer saam met hulle leef. Moet nie in die

somermaande blikkies met koeldrank oop en bloot in die tuin laat rondstaan nie. Dis juis daar waar die bye lafenis gaan soek en iemand op die lip piets. As daar wel ŉ tuinparty moet wees, lok die bye vooraf weg met ŉ plat bak heuningwater wat ver van mens en dier geplaas word.

[Verwerk uit: *AgriECO Western Cape*, Junie 2014]

[Woordeboek: bestuif – (Die vroulike deel van die blom word met die manlike stuifmeel) bedek
Engels: polinate ]

1.1 Wie het moontlik die aarde se eerste lekkergoed gemaak? (1)

1.2 Noem TWEE dinge wat die mense met byewas gemaak het. (2)

1.3 Gee ŉ ander woord vir bye uit paragraaf 1. (1)

1.4 Waarom is mense bang vir bye? (1)

1.5 Wat beteken dit om allergies te wees? (1)

1.6 Haal twee opeenvolgende woorde uit paragraaf 1 aan wat sê dat dit seer is as ŉ by jou steek. (1)

1.7 Die skrywer maak die volgende stellling:

“niemand kon nog presies vasstel wat die oorsaak van die byesterftes is nie.”
Dink jy die skrywer is reg as hy so sê? Motiveer jou antwoord. (1)

1.8 Wie is “Jan Alleman”? (1)

1.9 Wat is die gevolg daarvan as bye ŉ vrugteboom bestuif? (1)

1.10 Die skrywer maak die volgende stellling:

“Die paniekknoppie word egter maklik gedruk as ŉ swerm bye in die tuin opdaag”
Hoe voel mense as daar skielik ŉ swerm bye naby die huis is? (1)

1.11 Verduidelik waarom die skrywer sê dat mense dom dinge doen as daar ŉ swerm bye naby die huis is. (2)

1.12 Wat is die gevolg as mense hierdie dinge doen wat in 1.11 genoem is? (1)

1.13 Watter soort wapen het ŉ by? (1)

1.14 Wat sal gebeur as ŉ kwaai swerm jou pak? (1)

1.15 Stem jy saam met die skrywer se stelling: “Bly weg en moenie enige iets doen wat die bye gaan knorrig maak nie.” Motiveer jou antwoord. (1)

1.16 Wat moet jy doen as ŉ swerm bye in jou tuin gaan sit? (1)

1.17 Kies die regte antwoord. Volgens die skrywer is bye …

A gevaarlik
B kosbaar
C kwaai

D aanvallend (1)

1.18 Waarom sal bye in 'n blikkie koeldrank kruip? (1)

1.19 Wat openbaar die skrywer se houding oor bye? (1)

1.20 Volgens die titel moet mense simpatie met bye hê. Waarom dink jy het bye simpatie nodig? (1)

1.21 Wat dink jy sal die uiteindelike gevolg wees as daar nie meer bye is nie? Noem TWEE. (2)

**[24]**

**TEKS B: ADVERTENSIE**

Lees die advertensie hieronder en beantwoord die vrae.



[Verwerk uit: *rooi rose*, April 2014]

1.22 Wat doen die meisie in die advertensie? (1)

1.23.1 Hoe voel die meisie in die advertensie? (1)

1.23.2 Waarom voel sy so? (1)

1.24 Watter bewyse is daar in die advertensie dat Albany se broodrolletjies gesonde kos is? Noem TWEE. (2)

1.25 In die sin: "Vir ŉ smaaklike hoë-energie hupstoot, elke dag, enige tyd, enige plek!" maak die adverteerder gebruik van:

A vergelyking

B herhaling

C stereotipering

D klanknabootsing (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2:**

**TEKS C**

- Som die WENKE OOR DIE GEBRUIK VAN BLIKKIESKOS op.
- Skryf die sinne puntsgewys (1-7) in volsinne onder mekaar in jou antwoordboek neer.
- Jou opsomming mag NIE langer as 60 woorde wees nie.
  Skryf die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming neer.

**WENKE OOR DIE GEBRUIK VAN BLIKKIESKOS**

1. Vermy blikkies wat uitbult, lek en duike op die nate het, aangesien die inhoud nie meer veilig is vir menslike gebruik nie.
2. Moet nooit blikkieskos eet uit blikkies wat blaas en spuit as dit oopgemaak word nie. Dit beteken die kos is nie veilig nie en kan jou siek maak.
3. Moenie blikkieskos koop wat naby of oor die vervaldatum is nie. Bêre blikkies in ŉ koel, droë plek. Roteer die blikkies sodat die oudste voor is. Gebruik die oudste blikkies in jou kas eerste.
4. Hou die blikkies skoon en veilig. Vee die top af voordat jy dit oopmaak. Die inhoud is verseël om seker te maak dat dit veilig is om te eet.
5. Was jou hande met warm water en seep voordat jy met blikkieskos werk. Jy wil nie kieme in die kos hê wat jy vir mense gee nie!
6. Was die blikoopmaker na gebruik om seker te maak dat dit higiënies is. Kieme kan op ŉ vuil blikoopmaker groei.
7. Wees versigtig vir ongelyke, skerp rande wat gesny is toe die blikkie oopgemaak is, sodat jy jou nie aan die blikkie sny nie.

[Verwerk uit: *Departementele riglyne by die voedingskema*]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

### VRAAG 3 ADVERTENSIE

Kyk na die volgende advertensie en beantwoord die vrae.




Uit: *Google pictures*

Skryf net die nommer en die KORREKTE antwoord neer.

Al die eenwoord-antwoorde in hierdie vraag moet KORREK gespel word.

3.1 Gee die korrekte TRAP VAN VERGELYKING vir die woord tussen hakies.

Sardyne bevat (min) sout as die ander soorte vis. (1)

3.2 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

Die apteker sê: "Tuna bevat meer proteïne". (1)

Begin só: Die apteker sê dat …

3.3 Gee die korrekte VORM van die woord tussen hakies.

Mense word aangemoedig om (gesond) kos te eet. (1)

3.4 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Almal moet onthou om vis in hul verskillende (dieet) in te sluit. (1)

3.5 Gee die korrekte SAMESTELLING van die woord tussen hakies.

Mense wat ŉ goeie (lewe + styl) handhaaf, eet gereeld vis. (1)

3.6 Gee die AFKORTING van die woorde tussen hakies.

Sardyne is gesond vir jou liggaam, (dit wil sê), jy kry minder cholesterol. (1)

3.7 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Mense in Suid-Afrika hou baie daarvan (om/om te) gesond te eet. (1)

3.8 Kies die korrekte TUSSENWERPSEL tussen hakies.

(Ai/Foei/Siestog)! Lucky Star is vir my so lekker. (1)

3.9 Waarom, dink jy, word die volgende twee sinnetjies in die advertensie gebruik:

**Eet Beter. Leef Beter.** (1)


3.10 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.

Tuna het ook die goedkeuring van die HBS van Suid–Afrika gekry. (1)

**[10]**

## VRAAG 4 SPOTPRENT

Kyk na die volgende spotprent en beantwoord die vrae.




[Uit: *Kapperjol*]

- Skryf net die vraagnommer en die KORREKTE antwoord neer.
- Al die eenwoord-antwoorde in hierdie vraag moet KORREK gespel word.

4.1 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Die seun gooi sy klere op die grond.

Begin só: Die seun … (2)

4.2 Skryf die sin oor in die BEDRYWENDE VORM.

Sy klere word deur sy ma in die wasgoedmandjie gegooi.

Begin só: Sy ma … (2)

4.3 Verbind die sinne met die woord tussen hakies.

Die ma gaan 'n nuwe wasgoedmandjie koop. Sy het geld. (sodra) (1)

4.4 Rangskik die woorde tussen hakies in die KORREKTE VOLGORDE. Skryf die hele sin uit.

Die seun sal (sy klere; in die wasgoedmandjie; volgende keer) moet gooi. (1)

4.5 Kies die KORREKTE VRAAGWOORD uit die raampie sodat die onderstreepte deel van die sin die antwoord is. Skryf die hele sin uit.

Die seun gooi sy klere <u>op die grond</u>.

Begin só: … gooi die seun sy klere? (1)

| | | |
|---|---|---|
| Op wat | Van wat | Waarop |

4.6 Gee die VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies.

Die seun se ma gaan nog een klein (wasgoedmandjie) koop. (1)

4.7 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf die hele sin uit.

Die seun (hoef nie/hoef nie om) sy klere in die wasgoedmandjie te gooi nie. (1)

4.8 Dink jy, dit was goed van die seun om sy klere op die grond te gooi? (1)

**[10]**

**VRAAG 5.1**

Lees die volgende artikel en verbeter die onderstreepte foute.

**LIEWE DAGBOEK**

Met 5.1.1(vandag in die middag) se etenspouse het die óú klomp weer saam op die 5.1.2 (graas) 5.1.3 (sit) en gesels soos toe ons nog 5.1.4 (in) laerskool was. Ons het gekla oor al die 5.1.5. (min) skoolwerk, en toe begin ons praat oor wat ons deesdae aanvang as ons nie met ons huiswerk besig is 5.1.6(___).

Sally sê 5.1.7 (sy boer in die kombuis deesdae) waar sy kook en – 5.1.8 (vrug + koek) en skons bak. 5.1.9 (Sy het van die eetgoed vir sakgeld verkoop). Liewe Tarryn! Nog altyd ʼn 5.1.10 (droom). Sy gaan graag saam met 5.1.11(sy) pa visvang op die dam. Eintlik is dit die pa wat visvang, want sy is 5.1.12(bang) vir die visse. Sy lê op die boot se dek en kyk na die water.

Pamela en haar broer Steven kyk baie meer 5.1.13(televisie) as voorheen. Hulle huur nog video's of DVD's teen 5.1.14(R35.00) elk.

[ Verwerk uit: *Afrikaans vir ons*]

5.1.1 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

(vandag in die middag) (1)

5.1.2 Gee die KORREKTE SPELLING van die woord (graas). (1)

5.1.3 Gee die KORREKTE VORM van die woord (sit). (1)

5.1.4 Verbeter die VOORSETSELFOUT tussen hakies.

… toe ons nog (in) laerskool was. (1)

5.1.5 Gee die ANTONIEM (die woord met die teenoorgestelde betekenis) van die woord tussen hakies.

Ons het gekla oor al die (min) skoolwerk, (1)

5.1.6 Gee die ONTKENNINGSWOORD wat uitgelaat is.

… aanvang as ons nie met ons huiswerk besig is (___). (1)

5.1.7 Skryf die onderstreepte gedeelte oor en verbeter die WOORDORDE.

Sally sê (sy boer in die kombuis deesdae) waar sy kook en … bak. (1)

5.1.8 Gee die SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

(vrug + koek) (1)

5.1.9 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Sy het van die eetgoed vir sakgeld verkoop.

Begin só: Sy … (1)

5.1.10 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Liewe Tarryn! Nog altyd ŉ (droom). (1)

5.1.11 Gee die KORREKTE VOORNAAMWOORD tussen hakies.

Sy gaan graag saam met (sy) pa visvang op die dam. (1)

5.1.12 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Eintlik is dit die pa wat visvang, want sy is (bang) vir die visse. (1)

5.1.13 Skryf die AFKORTING van die woord tussen hakies.

Pamela en haar broer Steven kyk baie meer (televisie) as voorheen. (1)


5.1.14 Skryf die bedrag tussen hakies in woorde.

Hulle huur nog video's of DVD's teen (R35.00) elk. (1)

**[14]**

## 5.2 PRENT MET KORT TEKS

Kyk na die volgende prent en beantwoord die vrae.




[Uit: *Kapperjol*]

5.2.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Die volgende woorde word (letterlik/figuurlik) gebruik:

"Dis vakansie!" (1)

5.2.2 Verbind die twee sinne en begin met die woord tussen hakies.

Dis vakansie. Ek is vry. (omdat)

Begin só: Omdat … (1)

5.2.3 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

"Jippiee! Ek is vry!" skree die meisie.

Begin só: Met ŉ uitroep van blydskap skree die meisie dat … (1)

5.2.4 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies.

Die vakansie gaan (lank/lang) en lekker wees. (1)

5.2.5 Skryf die meisie se woorde oor in die ONTKENNENDE VORM.

Ek is saam met jou bly. (1)

5.2.6 Gee die korrekte TRAPPE VAN VERGELYKING vir die woord tussen hakies.

Die meisies gaan (vroeg) as gewoonlik slaap. (1)

**[6]**

**TOTAAL: 40**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

## BLADSAK VIR SENIORS deur LUCAS MALAN

- Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
- Geen keuse nie, VRAAG 6 en 7 is VERPLIGTEND en moet beantwoord word.
- Elke vraag bevat 20 punte.

## VRAAG 6: KONING LEEU SE GESKENKE – PIETER W GROBBELAAR

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Eers dans hulle ŉ bietjie, en Bobbejaan dans voor. Toe sing hulle ŉ bietjie, en Jakkals sit in. Daarna eet hulle heuning en drink melk. Tot Leeu en Rooikat en Wolf eet saam asof hulle nog nooit bloed geproe het nie. Maar Leeu reken: op ŉ party kan jy darem nie van jou gaste se familie voorsit nie.
"Luister, my diere!" sê Leeu. "Ek wil graag vir julle elkeen ŉ geskenk gee om te wys dat ek ŉ goeie koning is."
Die diere druk vorentoe, want die een is bang dat die ander dalk die beste geskenk voor hom gaan kry.

6.1 Wat beteken: "Jakkals sit is."? (1)

6.2 Die bokvrouens het nie na die partytjie gegaan nie. Hoekom nie? (1)

6.3 Watter vrou het wel besluit om te gaan? (1)

6.4 Dink jy Leeu is ŉ goeie koning? Hoekom sê jy so? (1)

6.5 Hoekom gee Leeu net heuning en melk op die partytjie? (1)

6.6 Watter soort geskenk is heel eerste uitgedeel en aan wie? (1)

6.7 Kies die sinsdele uit KOLOM B wat pas by KOLOM A. Skryf slegs die letter by die toepaslike nommer neer, bv. 6.7.1 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.7.1 | Die bokvrouens | A | Leeu pluk sy neus tot dit op die grond hang. |
| 6.7.2 | Olifant | B | “Kap sy bene af!” skree koning Leeu. |
| 6.7.3 | Renoster | C | Hulle kry niks. |
| 6.7.4 | Kameelperd | D | Hy het sy stem verloor. |
| 6.7.5 | Slang | E | Hy kan vandag nog nie goed sien nie. |

[5 x 1] = (5)

| |
|---|
| Nou is dit konsternasie. Leeu moet net kophou, want die diere is ook maar spoggerig. Elkeen wil mooier as sy buurman lyk. |

6.8 Motiveer waarom die volgende stellings ONWAAR is .

6.8.1 Luiperd kry ’n streepjas. (1)

6.8.2 Jakkals en Wolf werk op Boer se plaas. (1)

6.8.3 Perd het sy klere vir Koei gegee. (1)

6.8.4 Kameelperd het geen geskenke gekry nie. (1)

6.8.5 Dassie en Mol het baie gehou van hulle lang dun sterte. (1)

6.9 Watter TWEE laaste geskenke het oorgebly? (2)

6.9.1 Wie het dit gegryp? Noem EEN dier. (1)

**TOTAAL: 20**

**EN**

**VRAAG 7: OUPA JOB KOM TERUG – CECILIA KRUGER**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Juffrou Selati verduidelik aan die klas: “Van die kulture in Afrika het in die verlede geglo dat voorwerpe soos potte, maskers en wapens heilig is en dat hulle nie versteur mag word nie. Hulle moes daarom in die natuur gelos word en kon nie versamel word nie. Daar was dus nie sprake van museums voordat die Westerlinge in Afrika gekom het nie.” |

7.1 Na watter stad is Simon-hulle op pad? (1)

7.2 Wat gaan hulle daar doen? (1)

7.3 Wat het juffrou Selati vir die klas op die wêreldkaart gewys? (1)

7.4 Wie het juffrou Selati oor die oorsprong van museums in Afrika gevra? (1)

7.5 Hoe het die Westerse en Afrika kulture oor bewaring verskil? (2)

7.6 Sê Ja/Nee en motiveer jou antwoord.

Mense kan die voorwerpe wat in die museums bewaar word, koop. (1)

7.7 Hoekom het Simon later gevoel dat die uitstappie onnodig is ? (1)

7.8 Kies die sinsdele uit KOLOM B wat pas by KOLOM A. Skryf slegs die letter by die toepaslike nommer neer, bv. 7.8.1 F.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 7.8.1 | Oupa en drie mans | A | Die Britse leër is uitoorlê deur die Zoeloemag. |
| 7.8.2 | 1939 tot 1945 | B | Members of the Native Military Corps |
| 7.8.3 | Eeue oue skatte | C | MuseumAfrica se gids |
| 7.8.4 | James | D | Die Tweede Wêreldoorlog |
| 7.8.5 | Anglo-Zoeloe oorlog | E | Dit moet bewaar word |

5 X 1 = (5)

7.9 Waar het Simon die medaljes gebêre toe hulle na die museum in Newtown gery het? (1)

7.10 Motiveer waarom die volgende stellings ONWAAR is.

7.10.1 Museums is iets wat 300 vC in Duitsland begin het. (1)

7.10.2 Simon se Oupa was ŉ groot held in die Derde Wêreldoorlog. (1)

7.10.3 Die SS Mendoza het met seshonderd Zoeloes, Xhosas, Sotho's en Venda's gesink. (1)

7.10.4 Job Masetla is in Noord-Afrika deur die Duitsers gevang. (1)

7.11 Wat is die naam van die medalje wat Oupa Job vir sy heldedaad by Tobruk gekry het? (1)

7.12 Wat het Simon baie trots gemaak toe hulle twee weke later die museum besoek? (1)

**PUNTE: 20**

**TOTAAL AFDELING D: 40**